Kampkommunikasie

"Egte kommunikasie is die kuns om gelyktydig volkome eerlik en volkome taktvol te wees."
-John Powell

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die beginsels en praktyke van kampkommunikasievaardighede.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Doeltreffende kommunikasie is 'n baie belangrike lewensvaardigheid waaraan die Verkenner blootgestel word wanneer die spesialisasie voltooi word. Die voltooing van die verskillende take gee aan die Verkenner die geleentheid om as leier op te tree in situasies waar 'n spertyd druk op hom sal plaas. Die onderskeie situasies bied ook aan die Verkenner die geleentheid om onder alle omstandighede sy lewenswyse as Christen te beoefen. Die spesialisasie bied dus aan die Verkenner die geleentheid om as selfversekerde landsburger te ontwikkel.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	3 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs in groepsverband op 'n kamp wat drie dae aaneenlopend duur afgehandel word. • Op elke dag van die kamp moet ten minste drie opdragte voltooi word.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Kennis dra van die wyse waarop 'n ooreenstemmende produk in die verskillende media geadverteer word.*
2. *Kennis dra van skryfstyle wat vir verskillende tipes beriggewing gebruik word.*
3. *Kennis dra van die gebruik van spotprente in beriggewing.*
4. *Basiese kennis dra van bladuitleg (kampblad) en uitleg en begeleidende kommentaar van fotoblaaie.*
5. *Kennis dra van onderhoudvoering.*
6. *'n Nuusberig kan evalueer ten opsigte van feite, nuuswaardigheid en objektiwiteit.*
7. *Vertroud wees met doeltreffende plakkaatontwerp en prentkommunikasie (beplanning, teikengroep, boodskapformulering).*
8. *Ten minste **een** berig skryf en een berig redigeer.*
9. *'n Onderhoud voer.*
10. *Ten minste **vyf** verskillende kampfoto's neem.*
11. *As deel van 'n groep omsien na:*
    - *11.1 'n Effektiewe klankstelsel gedurende die kamp.*
    - *11.2 Die daaglikse byhou van die kennisgewingbord.*
    - *11.3 Die afkondigings en/of die radio-uitsending op die kamp.*

11.4 Die voorbereiding en samestelling van die kampblad.
11.5 Die ontwerp en maak van verskillende baniere, plakkate en prentkommunikasie.

WENKE

- *Beriggewing kan wees in die vorm van onderhoude, resensies, advertensies, foto's of kommentaar by 'n skyfiereeks.*
- *Radiowerk kan die volgende insluit: 'n Nuusbulletin, versoekprogramme, boodskappe, onderhoude (lewendig of vooraf op band opgeneem).*
- *Tydens die aandprogram kan 'n skyfiereeks of 'n video-opname van 'n onderhoud aangebied word.*
- *Afrikaanse graffiti kan op baniere aangebring word.*